Sondag, 18 Desember 2011

Pastorale Sorg Noodlyn:
082 372 6818

Preekreekse – MP3's, preeknotas, *slides* en transkripsies beskikbaar by mosaiek.com/mosaiek-speler.

Adventreeks: Want 'n Kind is vir ons gebore

"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." Jesaja 9:5

18 Desember	Sterke God *Kerssangbyeenkoms*	Stephan Joubert AM Jacques Bornman PM	**09:00 *Slegs Een* Oggenddiens** **19:00 Spesiale Kerssangdiens**
24 Desember & 25 Desember	Vredevors	Johan Geyser	**18:00 Oukersaand-byeenkoms** **09:00 *(Duplisering van 24 Desember)***
31 Desember & 1 Januarie	Nuwejaarsboodskap: 'Niks beter as vrolik wees nie...'	Stephan Joubert	**18:00 Oujaarsaand-byeenkoms** **09:00 *(Duplisering van 31 Desember)***

Nuwe reeks: Dís waaroor dit gaan! van 8 tot 22 Januarie

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." Matteus 22:37-40

8 Januarie	Om God lief te hê	Johan Geyser	**08:30 en 10:15 Oggenddienste** **18:30 Aanddiens**

Klipkerk *Lectio Divina*

Sondag om 18:00: 'n Tyd van aanbidding, bepeinsing en gebed rondom vandag se skrifgedeelte.

Weeksdae om 12:00: Die afsonderingsgeleenthede om 12:00 op weeksdae word op 3 Januarie 2012 hervat.

ALGEMEEN

Kry gerus 'n **"vrede op aarde"-lintjie** in die Teatro se ingangsportaal. Dra die lintjie in die laaste week voor Kersfees, en laat dit jou herinner dat ons die draers van vrede is.

Gemeentekantore tydens die Kersseisoen – Die gemeentekantore is tans gesluit en heropen op 3 Januarie 2012.
In 'n noodgeval, kontak gerus die **Pastorale Sorg Noodlyn** (082 372 6818). Vir ander inligting besoek www.mosaiek.com.

***Café Familia* en *Viaticus Lounge* tydens die Kersseisoen –** Café Familia en Viaticus Lounge is gedurende weeksdae gesluit en heropen 3 Januarie 2012. Hulle sal wel oop wees gedurende ons Adventbyeenkomste.

Groenapteek tydens die Kersseisoen – Die Groenapteek is tans gesluit en heropen op 9 Januarie 2012.

Aandbyeenkomste vanaf 8 Januarie 2012 – Vanaf 8 Januarie 2012 vervroeg ons aanddienste en Klipkerkbyeenkomste op 'n Sondag met 'n halfuur. Die aanddienste begin dan reeds om **18:30** en die Klipkerk om **17:30**.

Vakante pos: Fasiliteite / Instandhouding ondersteuning. Vir meer inligting besoek ons webblad of stuur jou CV aan corlib@mosaiek.com

NUWE GENERASIE

Planet J* en *Mezo is gesluit vir die vakansie en heropen 22 Januarie 2012. Registrasies vir 2012 kan nou reeds by die i-desk of op mosaiek.com plaasvind.
Planet J navrae: Roelof Nel *planetj@mosaiek.com* en *Mezo* navrae: Miranda Wentzel *mirandaw@mosaiek.com*
Kers-aktiwiteit vir kinders – Reis saam met die Feesseisoen-tema! Neem gerus een bladsy en 'n stel kryte in die ingangsportaal (Ons sal dit waardeer as jy die kryte weer kan terugbring vir herverspreiding)

Ouers met klein kinders – Jy is welkom om die diens op die skerms in die Viaticus *Lounge* te geniet terwyl jou kind op die speel-raam speel, of in een van die Babakamers agter in die Teatro.

MISSIONAL EXPRESSIONS

As deel van die Advent-seisoen, pak ons saam met die *Missional Expressions*-span die "**Peace Project**" aan. Ons nooi jou uit om deel te wees van die projek om spesiale dienendes in ons gemeenskappe op Kersdag te seën, deur 'n boks koekies van R40 te borg, of deur van die voorgestelde organisasies op Kersdag te besoek en hulle te verras met 'n klein geskenk. Jy kan die geskenke tydens die Oukersaand- of Kersdagbyeenkoms kom afhaal, om dit te gaan uitdeel. Kry meer inligting by die toegekende toonbank in die Ingangsportaal. Navrae: *Nerina Reinach 011 268 4702 / nerinar@mosaiek.com*

Ithemba werk-gereedheidsfasilitering – Dié unieke opleidingsprogram wat vroeg in 2012 aangebied sal word, dek aspekte wat jy benodig om suksesvol 'n loopbaan aan te pak. Ons fokus op CV-skryfstyle, onderhoudsvaardighede en verskeie werkgereedheids-komponente asook psigometriese toetsing en terugvoering. Vir meer inligting of om aansoek te doen, stuur 'n e-pos aan *jeaneattab@mosaiek.com.*

AKADEMIE

Die Mosaïek Akademie word in Januarie 2012 geloods, waardeur 6 programme aangebied word wat deur SATS aanvaar word met die oog op voltooiing van 'n B.Th-graad in Teologie. Die Akademie kan jou help om jou roeping te ontdek. Jy kan ook deur die proses duidelikheid kry oor jou roeping in jou huidige omstandighede, of die studies kan jou toerus vir 'n totaal nuwe rol wat jy moontlik in die toekoms kan vervul. Kursusonderwerpe sluit in Jeugwerk, Musiek en Spiritualiteit, Leierskap, Spiritualiteit, Pastorale Sorg en Geestelike Begeleiding. Dié modules word bekostigbaar aangebied as 'n kombinasie van klasloop én afstandstudies.
Die leerervarings duur vanaf 1 Maart tot 30 Oktober 2012. Indien jy belangstel vul gerus 'n 'hou my ingelig'-poskaart in by die i-desk of op *www.mosaiek.com/akademie.* Navrae: *Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com*

daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f: 011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com